# Versnelde Sukses: Vennootskap met God?

**Eduan Els 22/07/ 2018**

## 1. VENNOOTSKAP MET GOD

**1.1.** Dit is belangrik om raak te sien dat Nehemia in vennootskap met God gewerk het. God het saam met hom op die reis gegaan om die muur te herstel.
**1.2.** God wil deel van ons lewens wees.
**1.3.** Kommunikasie of gebed is ‘n belangrike aspek van ons vennootskap met God.

**Nehemia 1:4 '*Toe ek dit hoor, het ek gaan sit en huil. Vir dae aaneen het ek getreur, gevas en tot die God van die hemel gebid.* '**

## 2. WANNEER MOET EK BID?

**2.1.** Dit is altyd ‘n goeie tyd om te bid.
**2.2.** Ons kan regdeur ons dag met God gesels.
**2.3.** Ons moenie van God afgesny raak nie. Gebed moet ‘n eerste prioriteit wees en nie ‘n laaste uitweg nie.

.

## 3. WAAROM MOET EK BID?

**3.1.** Dit wys dat ek afhanklik van God is.
**3.2.** Dit verlig my lading.

**Jesaja 40:31 'Maar dié wat hulle hoop op die Here stel, sal hulle krag terugkry. Hulle vlieg hoog, soos arende. Hulle sal hardloop en nie moeg word nie. Hulle sal loop en nooit vermoeid word nie.'**

**3.3.** Dit stel God se krag vry.

**Jeremia 33: 3 "Roep na my en ek sal jou antwoord en wys jou groot en magtige dinge wat jy nie ken nie."**

## 4. HOE MOET EK BID?

**4.1.** Ek moet my versoek baseer op God se karakter.
**4.2.** Ek moet die gewig van sonde afskud deur dit te bely.

**Jakobus 5:16 'Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking. '**

**4.3.** Ek moet die beloftes van God verklaar.

**Nehemia 1:8-9 "Hou tog in gedagte wat U vir u kneg Moses gesê het: 'As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi. As julle egter na My toe terugkeer en my bevele gehoorsaam, sal Ek julle terugbring na die plek waar Ek verkies dat julle My moet aanbid, al is julle oor die uithoeke van die aarde versprei.''**

**4.4.** Ek moet baie spesifiek wees in wat ek vra.

**Nehemia 1:10 "As ek gaan voordat die koning vra om vrygelaat te word om die muur te bou, gee my sukses as ek die versoek aan die koning doen."**

**Gesprek Gits**
**Versnelde Sukses: Vennootskap met God**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Verstaan jy gebed, of is dit net iets wat jy weet jy veronderstel is om te doen?
2. Wanneer jy moeilike keuses moet maak, is gebed jou eerste prioriteit of jou laaste uitweg?
3. Hoekom bid JY?